

**Donderdag 19 November**

**Skrifgedeelte: Amos 1:1 – 2:3**

**Fokusgedeelte: Amos 1:1 (binne konteks van die hele gedeelte)**

**Jou verhouding met die Here word weerspieël in jou optrede teenoor mense**

**A**mos het opgetree rondom die jaar 760 vC tydens die regering van koning Jerobeam II van Israel. Dit was 'n tyd van politieke vrede en materiële welvaart.

Ongelukkig het die materiële oorvloed 'n tragiese meeloper gehad in die gestalte van godsdienstige leegheid. Aan die buitekant was alles blink. Mense het selfs na die heiligdomme toe gestroom om te offer en hulle voorspoed op formalistiese wyse te vier. Maar aan die binnekant het die stank van 'n ontspoorde verhouding met God en die naaste dik in die lug gehang. Die stamme van Israel het slagoffers geword van 'n monster met die naam Materialisme. Mammon het die septer geswaai, en daarom het daar in die mooi huise van gekapte klip aaklige tonele van geweld afgespeel. Die valsheid van Israel se godsdiens het duidelik gespreek uit die liefdelose manier waarop armes en weerloses deur die arrogante rykes behandel is.

Dit is die omgewing waarheen Amos, 'n veeboer van Tekoa in Juda, as profeet gestuur is om die Here se boodskap van straf en sy oproep tot bekering aan die noordelike Tienstammeryk te bedien. Vooraf, in die gedeelte wat ons vandag gelees het, maak die Here dit duidelik dat Hy God is van alle mense. Daarom eis Hy rekenskap ... nie net van Israel nie, maar ook van die omringende nasies ... oor die liefdelose dinge wat hulle aan weerlose mense gedoen het (vgl. 1:3 – 2:3).

Onthou dat God nie beïndruk word deur leë godsdienstige pligpleging nie. Jesus Christus het jou vrygemaak om met woord en daad lief te hê. Daarom kon Paulus in Galasiërs 5:14 vir ons skryf: “Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’”

Dink daaraan: die manier waarop jy ander mense behandel, sê duidelik wat die kwaliteit is van jou verhouding met God!

*Sing: Skrifberyming 9-4:1, 4, 5, 6*

*Ds. JJ Cloete (Koos) (Emeritus)*